Navrae
Enquiries
IMibuzo
ARBEIDS-
VERHOUDINGE

Telefoon
Telephone
IFoni
(021)467-2000

Faks
Fax
IFeksi
(021)461-5629

Verwysing
Reference
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF NR. 0075/2001

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS

VERLOF/TYD-AF VIR UNIEVERTEENWOORDIGERS: STAATSDIENSPERSONEEL

1. Omsendbrief 97/99 het hierop betrekking.

2. Alle verlof, insluitend verlof vir unieverteenwoordigers, word gereguleer deur Resolusie no 7 van 2000, wat in die Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad (SDKBR) gesluit is. Die Departement van Staatsdiens en Administrasie het 'n voorskrif oor afwesigheidsverlof uitgereik wat bepaal dat 'n verlofkringloop op 1 Januarie 2001 begin. Hierdie voorskrif is ook op unieverteenwoordigers van toepassing wie se kringloop vir die 10-dae-verlof in die verlede op 1 Julie van 'n bepaalde jaar begin en op 30 Junie van die daaropvolgende jaar geëindig het.

3. WAT IS DIE IMPLIKASIES HIERVAN?

3.1 Unieverteenwoordigers word toegelaat om 10 dae verlof vir unie-aktiwiteite te gebruik vanaf 1 Januarie 2001 tot 31 Desember 2001 en jaarliks daarna.

3.2 Indien 'n unieverteenwoordiger minder as 10 dae verlof vir die tydperk 1 Julie 2000 tot 31 Desember 2000 gebruik het, verval die ongebruikte verlof.

3.3 Indien onbetaalde of vakansieverlof vir die periode 1 Julie 2000 tot op datum aan 'n unieverteenwoordiger toegestaan is, moet die nuwe verlofkringloop in ag geneem word en verlofkrediete moet herbereken word.

4. Toesighouers van unieverteenwoordigers (nl. vakbondverteenwoordiger en vakbondbeampte) moet kennis neem van die wysiging en unieverteenwoordigers dienooreenkomstig inlig.

5. Toesighouers moet behoorlik rekord hou van unieverteenwoordigers se afwesigheid van die werkplek vir uniebedrywighede.

6. Neem asseblief kennis dat 'n unieverteenwoordiger 'n lid van 'n vakbond is wat ingevolge die Ooreenkoms op Organisasieregte verkies is om werknemers by 'n instelling te verteenwoordig **en is nie die gewone lid van 'n vakbond nie**.

7. Indien daar enige onsekerhede of vrae oor bogenoemde is, kan daar in verbinding getree word met die Direktoraat: Arbeidsverhoudinge by Tel. Nr.: 467-2000.

Nms. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2001-06-01.